

Geagte Mnr / Mev / Mej / Belegger

NB: Die amptelike Highveld Sindikasie Aksiegroep (“HSAG”) kennisgewings is die enigste amptelike inligtingsbronne waar beleggers inligting oor die HSAG kan bekom. Ons nooi u verder vriendelik uit om ons webblad by www.hsaction.co.za te besoek vir enige verdere inligting. E-posse word ook van tyd tot tyd uitgestuur. Die onus is altyd op beleggers om seker te maak dat hul aansoekvorms tot die HSAG korrek voltooi is en om ons op hoogte te hou van enige veranderinge met betrekking tot hulle kontakbesonderhede asook hul e-pos adresse. Besoek asseblief ons webtuiste en voltooi die HSAG-vraelys op “Survey Monkey”.

VOORWOORD

As prokureurs van die HSAG wil Theron & Vennote elkeen van die lojale beleggers van die HSAG van harte bedank vir hulle toewyding en onvoorwaardelike en deurlopende morele en finansiële ondersteuning. Ons kan almal verseker dat ons nie daarsonder met die prosedure om beleggers se eise te verhaal sou kon voortgaan nie. Ons en ons advokatuur doen alles in ons vermoë om so spoedig en suksesvol moontlik u kapitaal te verhaal en kan ons u die versekering gee dat ons personeel elke dag, en soms nag, alles in die stryd werp ten einde u beskermbare belange te beveilig.

Die bekende skrywer James Clear het gesê: “ROME WASN’T BUILT IN A DAY, BUT THEY WERE LAYING BRICKS EVERY HOUR”. Met verskeie hofbeslissings reeds in ons guns is ons steeds op ’n suksesvolle pad, nieteenstaande vele pogings van die teenkant om die proses te ontspoor. Soms voel dit of mens twee treë vorentoe stap en weer een terug, maar ons kan u die versekering gee dat die wiel van geregtigheid besig is om stadig maar seker te draai.

U regspan is steeds baie positief oor die meriete van die saak. Dit is inderdaad so dat beide Regters Ismail en Murphy in onlangse Hooggeregshofuitsprake, asook Regter Spilg in vorige uitsprake, in hul beslissings gesê het dat mnr Nic Georgiou en Orthotouch die regsprosesse misbruik ten einde die belang van geregtigheid te frustreer. Juis om hierdie rede versoek ons u graag om uself te distansieer van enige kommunikasie met mnr Nic Georgiou se agente en simpatiseerders, soos Elna Visagie, Helgard Hancke, Herman Lombaard en andere asook enige sosiale media en Whatsapp-boodskappe wat deur hulle bedryf word, te vermy.

Die lede wat agterstallige registrasie- en regskostes het, moet dit asseblief onmiddellik op datum bring ten einde ons in staat te stel om die voortdurende aanslae op die klas-aksie teen te staan en suksesvol af te weer. Ledebydraes tot dusver was absoluut nominaal en het ons al voorheen gemeld dat ons ongelukkig nie ’n saak van so ’n groot omvang op ’n gebeurlikheidsbasis kan behartig nie. Ons kan u saak slegs suksesvol voortsit indien ons oor die nodige finansiële en ander ondersteuning beskik.

ADMINISTRATIEWE AFSNYDATUM VIR REGISTRASIE BY DIE HSAG

GELIEWE KENNIS TE NEEM dat 31 Maart 2017 die afsnydatum vir laat-registrasies vir aansluiting by die HSAG was. Enige verdere laat-aansoeke sal slegs op 'n ad hoc-basis en onderhewig aan spesifieke vereistes oorweeg word.

Enige verdere versoeke en navrae moet skriftelik aan hsagenquiries@gmail.com gerig word.

1. DIE HSAG KLAS-AKSIE

Die HSAG het onlangs gunstige beslissings van twee Hooggeregshowe en ook van die Hoogste Hof van Appèl ontvang.

Soos voorheen berig, bevestig ons dat daar twee dringende Aansoeke deur die HSAG in die Hooggeregshowe van Pretoria en Johannesburg uitgereik was teen mnr Nic Georgiou, Orthotouch en die voormalige HSAG-Applikante vir die onreëlmatige terugtrekking van die Sertifisering van die Klas-aksie (Pretoria) en die Tersydestelling van die Artikel 155 Reëlinskema (Johannesburg).

Die Johannesburgse Hooggeregshof het op 17 Maart 2017 in die guns van die HSAG teen Orthotouch, mnr Nic Georgiou en twee van sy entiteite met kostes beslis. Die Johannesburgse Hooggeregshof het beide aansoeke as dringend beskou weens die strategie (plot) wat deur die voormalige HSAG-Applikante en hul nuwe prokureur toegepas is. Die Aansoek vir die Tersydestelling van die Reëlinskema is herstel en die nuwe HSAG-Applikante is formeel as Applikante in die Johannesburg-aangeleentheid gevoeg. Die Regter het hom sterk uitgespreek teen die optrede van mnr Nic Georgiou en die voormalige aplikante se nuwe prokureur, mnr Jeff Donnenberg.

Op 7 April 2017 het die Pretoriase Hooggeregshof ook in die guns van die HSAG teen Orthotouch, mnr Nic Georgiou en die voormalige aplikante beslis. Soos in die Johannesburgse Aansoek het die Pretoriase Hooggeregshof die aangeleentheid ook as dringend beskou en is die gepaste kostebevele gemaak. Hierdie gunstige uitspraak wat deur Regter Murphy gelewer is maak dit vir die HSAG moontlik om met die Aansoek vir die Sertifisering van die Klas-aksie voort te gaan.

Hierdie aangeleenthede is suiwer interlokutêr van aard (interim) en kan appèl dus nie hierteen aangeteken word nie, maar mnr Nic Georgiou en andere het aangedui dat hulle graag teen die Johannesburgse uitspraak sal wil appelleer en verwag ons dieselfde standpunt in die Pretoriase aangeleentheid.

Die Hoogste Hof van Appèl in Bloemfontein het ook in die guns van die HSAG met koste beslis en het spesifiek in 'n poging van Orthotouch om te appelleer teen 'n vorige uitspraak van Regter Spilg in Johannesburg, genoem dat die aangeleentheid suiwer interlokutêr was en dat daar in elkgeval geen vooruitsig op sukses en geen genoegsame redes was waarom 'n appèl aangehoor moet word nie. Besigheidsreddingspraktisyn, Hans Klopper, het sy aansoek tot appèl teruggetrek.

Orthotouch en Hans Klopper is nou verplig om die prokureurs van die HSAG van 'n lys van persone wie geregtig was om kragtens die Artikel 155-Reëlinskema te stem en aan wie kennis daarvan gegee is, te voorsien. Die Ontvanger van Orthotouch, Derek Cohen, is ook verplig om die HSAG Prokureurs met 'n lys van persone wat ten gunste van, of teen die goedkeuring van die Artikel 155-Reëlinskema gestem het, te voorsien.

Beide hofuitsprake is beskikbaar op ons webblad by www.hsaction.co.za onder *Media, Press releases and notices* en wil ons u uitnooi om dit gerus te lees.

2. SKIKKINGSONDERHANDELINGE

Mnr Nic Georgiou het vroër vanjaar plegtig onderneem om teen 30 April 2017 die eerste betaling vir persone wat aangedui het dat hulle wil skik, te maak en is daar ooreengekom dat hy die skikkingsdokumente vóór of op 31 Maart 2017 sal onderteken. 'n Lokaal in Stellenbosch was gereserveer vir die ondertekening op 30 en 31 Maart 2017 en die nagenoeg 800 skriftelike skikkingsooreenkomste was aan mnr Nic Georgiou getender om te onderteken.

Mnr Nic Georgiou het egter tydens die ontmoeting op 30 en 31 Maart 2017 geweier om die skikkingsooreenkomste te onderteken. Volgens mnr Nic Georgiou hou dit geen voordeel vir hom in indien hy slegs 'n gedeelte van die klas-aksie skik nie en het hy aangedui dat hy slegs finansiering kan kry indien die klas-aksie in sy geheel geskik word. Hy wil die geleentheid gegun word om 'n gunstiger aanbod aan die klas-aksie in geheel voor te lê. 'n Finale sperdatum vir 'n verbeterde aanbod is gestel vir April 2017 wat sal beteken dat hy 'n groter deel van elke belegger se kapitaal tesame met kostes moet terugbetaal. Sodra ons die aanbod vanaf mnr Nic Georgiou ontvang sal ons die strekking daarvan via ons webtuiste aan die HSAG-lede kommunikeer.

'n Groot hoeveelheid werk is ingesit om 'n sinvolle skikking te bereik en sal daar nie sondermeer toegegee word aan verdere uitstelte of verdragings nie en sal die HSAG dit ernstig oorweeg om permanent van die skikkingsonderhandelinge te onttrek indien mnr Nic Georgiou nie sy woord gestand doen wat 'n verbeterde aanbod betref nie.

Ten spyte van die oponthoude en voortdurende uitstelte in die skikkingsproses, wat slegs aan mnr Nic Georgiou toegeskryf kan word, gaan ons steeds volstoom voort met die litigasie proses en spreek die twee gunstige uitsprake vanself.

Tydens die skikkingsonderhandelinge op 30 en 31 Maart 2017 het mnr Nic Georgiou bevestig dat hy van voorneme is om die HSAG-lede se eise in geheel te skik. Dit is bevestig dat die bestaande en gunstige skikkingsooreenkoms vir beide mnr Nic Georgiou en die voormalige HSAG Bestuurskomitee soos ooreengekom op 11 Augustus 2016, van toepassing behoort te bly.

Mnr Nic Georgiou het 'n versoek gerig dat 'n geskatte bedrag/bedrae aan hom verskaf word wat betaalbaar is en/of waarvoor hy addisioneel tot die HSAG-lede se eise moet begroot, ten aansien van onder andere die terugbetaling van regs- en

ander kostes. Indien die HSAG in totaal geskik sou word, beloop die beraamde HSAG-eise nagenoeg R2.5 miljard en die totale eise van 'n klas-aksie vir HS15-22 (insluitend nie-HSAG-lede) R4.8 miljard. Hierdie is die bedrae wat mnr Nic Georgiou moes oorweeg in sy berekening vir skikkingsdoeleindes.

Mnr Nic Georgiou was verder geadviseer dat, indien 'n skikking vir die HSAG nie vóór einde April 2017 gefinaliseer en geteken word nie, hy ook verdere regskostes vir die meer as 6 688 HSAG-lede wat op R2 000 per persoon beraam is moet betaal.

Die HSAG streef te alle tye daarna dat die teenkant regskostes betaal en is die doelstelling dat HSAG-lede so min moontlik bydra tot kostes en die teenkant soveel moontlik kostes sal betaal vir krediet van HSAG-lede en dat dit effektiewelik aan die einde van die saak beteken dat alle of soveel moontlike kostes terugbetaal kan word. Kragtens paragrawe 5.2.3 en 15 van die skikkingsooreenkoms, is mnr Nic Georgiou verantwoordelik vir die betaling van die HSAG-lede se registrasie- en regskostes asook alle kostes wat verband hou met die skikkingsonderhandelinge. Dus sal 'n skikkingsooreenkoms die HSAG-lede tot dusver niks kos nie.

Theron & Vennote werk nie op 'n gebeurlikheids- of kommissiebasis nie. Wetgewing maak voorsiening daarvoor dat regsverteenwoordigers tot soveel as dubbel hul fooie óf 25% van 'n Eiser se eis, welke bedrag ookal die minste is, gehef mag word. Ons hef slegs die normale regsfooie en uitgawes vir werk gelewer, welke fooie deur onafhanklike koste konsultante geverifieer en deur onafhanklike ouditeure geaudit word. Met betrekking tot die opstel, onderhandelinge en uiteindelijke voltooiing van die ooreenkoms (wat oor langer as 40 maande vanaf datum van ondertekening strek) is 'n benaderde bedrag van R250 per kontrak aan mnr Nic Georgiou verskaf.

Indien ál die 6 688 HSAG-lede hul bydrae tot kostes tot op datum betaal het (wat tans ongelukkig glad nie die geval is nie), moet mnr Nic Georgiou tussen R2 000 en R2 500 per sindikasie aan die beleggers terugbetaal. Dít verdere bedrag wat deur mnr Nic Georgiou betaalbaar sou wees indien die HSAG-lede se eise ten volle geskik word, sluit onder andere in die HSAG-lede se bydraes tot administrasie- en regskostes en die verdere bydrae van R2 000 per persoon (wat vanaf Mei 2017 gehef gaan word).

Behalwe bogenoemde kostes het mnr Nic Georgiou ook aangebied dat hy 1% kommissie as onderhandelingskommissie sal betaal. Theron & Vennote Prokureurs het nie aan hierdie bespreking deelgeneem nie. Geen onderhandelingskommissie vorm deel van die skikkingsooreenkoms nie en sal mnr Nic Georgiou dit vanuit sy eie fondse betaal (watter persentasie die HSAG-lede ookal mag aanvaar).

Ons wil dit graag beklemtoon dat die kostes deur mnr Nic Georgiou betaal moet word en, indien hy die ooreenkoms nakom, geensins op die HSAG-lede se bedrae sal inpakkeer nie en sal dit vir sy eie sak wees. Soos voorheen gemeld sal die bydrae tot registrasie-, regs- en administrasiekostes op trust gehou word ten einde nakoming van die skikkingsooreenkoms deur mnr Nic Georgiou te verseker.

Ons bevestig ook dat ons die “nuwe” skikkingsaanbod deur mnr Nic Georgiou aan die HSAG-lede sal kommunikeer vir instruksies via die webtuiste sodra ons dit ontvang het.

3. KOSTE

Vanuit die staanspoor is HSAG-lede in kennis gestel dat, afhangende van die aard en omvang van die saak asook die ondersteuning en samewerking deur voornemende HSAG-eisers, dit verwag kan word dat jaarlikse finansiële bydraes van die HSAG-lede aangevra moet word. Op hierdie stadium was daar slegs een opvraging van R1 000 bydrae tot regskoste per sindikasie. Dit kom daarop neer dat die lede van die HSAG ongeveer R1,00 per dag bygedra het tot regskoste per sindikasie. Nieteenstaande voormelde is daar steeds 'n groot aantal lede wat nie op datum is met hul betalings nie en wat uiteraard 'n groter las op die opbetaalde lede plaas. Hoewel nie-betaalde lede gesubsidieer word, is besluit dat HSAG-lede wie nie voldoen of ten volle opbetaal is nie die gevaar loop dat hul lidmaatskap beëindig of opgeskort sou kon word.

Die HSAG-bestuur het vroeër vanjaar besluit dat daar mettertyd 'n verdere opvraging vir administrasie- en regskostes in 2017 gehef gaan word. 'n Bedrag van R2 000 sal per persoon/belegger gehef word (en nie per sindikasie soos met die vorige opvraging nie) en sal sodoende beleggers met meer as een sindikasie tegemoetekom word.

Weens die groot aantal HS-beleggers wat tans by die HSAG geregistreer is, is dit moontlik vir die beleggers om slegs 'n fraksie van die koste te betaal en is dit onnodig om 25% van hul eisbedrae as betaling aan te bied.

Die gemiddelde grootte eis van die individuele Beleggers/Eisers beloop ongeveer R250 000. Indien daar op 'n gebeurlikheidsbasis (kommissie) opgetree sou word, sal dit beteken dat 'n maksimum van R62 500 plus BTW verhaal sou kon word. Met 'n suksesvolle beslissing sal dit beteken dat 'n maksimum bedrag van tussen R70 000 en R80 000 deur Beleggers/voornemende Eisers aan regsverteenwoordigers betaal sou moes word wat heelwat meer is as die vorige en teenswoordige bydraes wat nou gehef word.

Vir 2017 sal persone met 'n totale eiswaarde van R20 000 of minder en met vooraf skriftelike versoek aan Theron & Vennote, tegemoet gekom word en sal daar nie van hulle verwag word om 'n bydrae tot administrasie- en regskostes te maak nie.

Let wel dat geen registrasie-, administrasie of regskostes terugbetaalbaar is nie.

4. INDIVIDUELE EISE (HS21 – 22)

Ons kantore het op verskeie geleenthede beleggers uitgenooi om aan ons kennis te gee indien daar individue sou wees wat op 'n individuele basis op grond van die terugkoop ooreenkoms mnr Nic Georgiou sou wou dagvaar. Weens die geringe versoeke wat ons ontvang het en met die gevolglike groot kostes wat met sodanige aksie gepaard sou gaan, het die HSAG-bestuur op advies van ons advokatuur besluit om nie verder met die uitreik van individuele dagvaardings voort te gaan nie. Die HSAG se advokatuur adviseer dat alle HSAG-lede wat aan die klas-aksie deelneem, veral in HS21 en HS22, deur die voorgenome klas-aksie gedek word en sal hulle die beskerming van die HSAG geniet.

5. OPSIE 2 - UITBETALING

Verskeie beleggers het aangedui dat hulle betaling kragtens Opsie 2 (40% uitbetaling) ontvang het. Opsie 2 is een van die 3 opsies wat die beleggers ingevolge Orthotouch se Reëlinskema in 2014 kon kies. Orthotouch is kragtens 'n hofbevel verplig om aan persone wat Opsie 2 gekies het, hierdie gelde uit te betaal.

Dit is ons advokatuur se advies dat, om sodanige Opsie te kies, beleggers nie outomaties afstand gedoen het van hul reg om deel te wees van die HSAG klas-aksie nie. Beleggers wat 'n betaling op hierdie wyse ontvang het, het die geld ingevolge Opsie 2 ontvang, sonder enige verandering/inkorting van hul regte ten aansien van die HSAG klas-aksie. Selfs al kon dit op 'n latere stadium deur mnr Nic Georgiou en Orthotouch geargumenteer word dat die uitoefening van Opsie 2 beteken dat so 'n belegger nie deel kon wees van die klas-aksie nie, gaan die ontvangs van sodanige gelde nou (onder Opsie 2) nie die posisie vir 'n belegger verander of nadelig beïnvloed nie. As daar enige afstanddoening was om deel te wees van die HSAG klas-aksie, was dit deur destyds Opsie 2 te kies – en nie nou met die ontvangs van die gelde nie. Die ontvangs van die geld nou is 'n noodwendige gevolg van die destydse uitoefening van Opsie 2.

Enige nuwe skikkings met mnr Nic Georgiou en/of deur mnr Helgard Hancke en ander persone, buite die HSAG, (die sogenaamde nuwe Orthotouch “Opsie 4”) sal in alle waarskynlikheid 'n voorwaarde bevat wat dit duidelik maak dat die belegger algeheel afstand doen van sy reg tot 'n HSAG klas-aksie en al die persone teen wie opgetree word. Die aangaan van 'n nuwe skikking sal dus wél op hierdie basis beteken dat die belegger nie meer aan die HSAG klas-aksie kan deelneem nie en dus afstand gedoen het van sy/haar regte om die balans te eis. Win asseblief regsadvies in, alvorens u enige verdere dokumentasie met Orthotouch, mnr Nic Georgiou of hul agente soos Elna Visagie, Herman Lombaard of enige iemand anders soos Helgard Hancke, teken.

6. BLAAS HIER DIE FLUITJIE OP VALS EN ONDERMYNENDE INLIGTING

Ons kantore het baie positiewe reaksie ontvang van beleggers wat ons bewus gemaak het van derde partye (bv mnr Helgard Hancke en me Elna Visagie) wat aktief besig is met 'n smeerveldtog teen die HSAG en wat na bewering kwansuis in belang van die HSAG-lede optree, en wil u graag bedank dat u die inligting onder ons kantoor se aandag gebring het. Ons kan u verseker dat alle inligting wat aan ons gestuur word op 'n anonieme basis geskied.

Ons nooi beleggers en ondersteuners van die HSAG uit om enige relevante of belangrike inligting rakende die HSAG of die klas-aksie aan ons bekend te maak of om dokumente aan ons te stuur na hsagwhistle@gmail.com en sal die HSAG te alle tye poog om sodanige fluitjie-blasers te beskerm.

7. GEBRUIK VAN KORREKTE E-POS ADRESSE EN VERWYSINGS

Dit is van uiterste belang dat beleggers die korrekte e-pos adresse (soos vervat op ons webtuiste en e-posse) asook hul verwysingsnommers (bv. identiteitsnommer ens.) vir alle kommunikasie gebruik. Indien 'n belegger 'n e-pos na die verkeerde adres sou stuur kan dit daartoe lei dat daardie e-pos nie

die nodige aandag geniet nie wat aanleiding sal gee tot vermorsing van tyd en koste.

Bestaande e-pos adresse is as volg:

- hsactiongroup@gmail.com en hsagenquiries@gmail.com vir alle navrae rakende die klas-aksie en skikkingsproses.
- hsagregister@gmail.com vir die registrasie van nuwe lede van die klas-aksie.
- hsagsettle@gmail.com vir alle skikkingsooreenkomste en verwante dokumentasie.
- hsagwhistle@gmail.com vir alle vertroulike inligting wat anoniem aan ons gestuur moet word.

8. STAAT VIR DEELNAME AAN DIE HSAG

Vind asseblief hiertoe aangeheg u bydraestaat vir u deelname aan die HSAG.

Let asseblief op die volgende:

1. Sedert begin Januarie 2016 het die HSAG begin om trustopvragings te doen vir 'n bydrae tot regskoste vir die HSAG, Hooggeregshofsake en aanverwante aangeleenthede wat deur die HSAG gedryf word. Sodoende word die HSAG-lede se individuele regte en belange asook die HSAG-groepsregte en -belange beskerm. Hierdie bedrag behoort op u staat te reflekteer. Indien geen opvraging ten aansien van regskostes op u staat verskyn nie, beteken dit dat u waarskynlik in 'n groep val wat nog nie geprosesseer en/of geallokeer is nie, en sal dit op 'n latere staat verskyn. Die aangevraagde bedrag vir 2016-regskoste was R1 000,00 per sindikasie. 'n Eenmalige registrasiekoste per sindikasie was ook gehef en sal ook op u staat verskyn. Let asseblief daarop dat die inligting op ons rekords verkry is vanaf aansoekvorms. Indien u aansoekvorm gevolglik foutief of onduidelik is, sal u moontlik geen state of e-posse ontvang nie. Voltooi asseblief die HSAG-vraelys op "Monkey Survey" op ons webuitste ten einde u inligting op datum te bring.
2. Kliek asseblief op die skakel om na die "Customer Zone" te gaan waar u die opvragings vir registrasie-, regskostes en u betalings kan sien.
3. Weens aaneenlopende groot hoeveelheid navrae, registrasies, wysigings van persoonlike besonderhede en allokasies, is dit moontlik dat sommige betalings en/of registrasies nie op die aangehegte Staat sal verskyn nie, maar eers op 'n latere Staat. Maak asseblief seker dat u inligting korrek is.
4. Geoutomatiseerde state sal van tyd tot tyd (normaalweg maandeliks) uitgestuur word, maar u skakel na die "Customer Zone" sal deurentyd aktief bly en u kan ter enige tyd u betalings en transaksies daarop sien, soos wat dit geallokeer word.
5. Indien daar enige uitstaande bedrae is word u vriendelik versoek om dit so spoedig moontlik te betaal ten einde onnodige administrasie en/of verdere kostes te verhoed. Sodanige lede loop die gevaar dat hul lidmaatskap by die HSAG opgeskort word.
6. Registrasieheffings is betaalbaar op alle nuwe en agterstallige (90 dae en ouer) registrasies. Registrasiekoste beloop tans R1 500,00 per sindikasie en, indien latere registrasies toegelaat word, sal daar waarskynlik 'n verdere

heffing vir registrasiekoste per sindikasie vir alle nuwe registrasies gehef word ten einde finansiële bydraes deur huidige HSAG-lede te verlig.

7. Deelname aan die HSAG is algeheel vrywillig maar sal persone wat nie aan die HSAG behoort of hul versoekte bydrae op datum hou nie, nie aanspraak kan maak op enige regte of voorregte wat getroue lede van die HSAG geniet nie. Persone wat hardvogtig weier of versuim om ledebydraes te maak se lidmaatskap sal beëindig word.
8. Ons bedank u vir u lojale ondersteuning waarsonder die HSAG klas-aksie nie moontlik sou wees nie. U kan verseker staatmaak op ons onverdeelde lojale ondersteuning van die HSAG-lede en geassosieerdes.
9. Enige navrae kan aan hsagenquiries@gmail.com gerig word.

Vriendelike groete

Theron en Vennote

Tel: (021) 887 7877

hsactiongroup@gmail.com